

**20 Maart**

**Romeine 3:1 -12 en 23-24**

***Die mens .... skuldig voor God***

Oor die algemeen hou ons nie daarvan om in 'n regspraak betrokke te wees en onself voor 'n landdros of regter te verdedig nie, selfs al weet ons dat ons totaal onskuldig is. Hoeveel te meer as ons voor die hemelse regbank moet verskyn! En soveel te meer as ons bewus is van ons sondeskuld en ellende voor Hom.

Oor ons skuld voor Hom is daar geen twyfel nie. *"Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie"*. Alle mense - Jode en nie-Jode - is in die mag van die sonde (vers 9). Die aanklaer hoef dus nie eens baie moeite te doen met 'n volledige aanklag, 'n logiese getuievoorlegging of 'n treffende slotbetoog nie, want ons lewer self reeds 'n veel verdoemender getuienis. Dit staan as't ware op ons voorkoppe geskryf dat ons skuldig is *"Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie"* (3:23).

Aan God die dank, want Hy kyk na ons - skuldige mens - deur die bloed van Jesus Christus en dan hoor ons die woorde van 3:24: *"...maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus"*.

Dank God met jou hele lewe vir sy verlossing in Christus.

Sing: Psalm 130:2

Ds. M.P. Fourie (Kriel)